

14 Julie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21
Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:6

Ek kan myself nie nuut maak nie, net God kan

Die dwaalleraars het beweer: “Met die ware bekering vir die mens kan geen nuwe eienskappe, kragte, of gawes deur God in sy wil gestort word nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie ’n eienskap of ’n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net ’n daad van die mens. Die geloof kan alleen ’n gawe genoem word vir sover die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.”

Die Sinode het hierdie siening dat die mens self tot geloof kan kom sonder dat God dit aan hom gee, verwerp en gesê: “Daarmee weerspreek hulle die Heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort ...”

God se Woord sê immers (vers 17-18): “Iemand wat aan Christus behoort is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.” Niks van die nuwe mens in my is dus deur my eie toedoen nie. “Dit alles is die werk van God.” As Hy nie self van my ’n nuwe mens maak nie, dan kan niks of niemand dit doen nie. Sonder sy werk in my sal daar net ongeloof, ongehoorsaamheid en geen besef van God se liefde in my wees nie. ’n Mens kan dus alleen ’n nuwe mens wees deur aan Christus te behoort en daarom ook die gawe van geloof van God te ontvang wat Hy in ons instort.

So kan net God van my ’n nuwe mens maak wat van harte in Hom glo, Hom onvoorwaardelik in alles gehoorsaam en Hom met oorgawe dien, omdat ek deur sy toedoen besef hoe ontsaglik groot sy liefde vir my is!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~